HEBRON CHRISTENSKOOL

"MEER AS OORWINNAARS"

Hebronstraat 3, Oakglen, Bellville, 7530; Tel: (021) 919 6356;
E-Pos: admin@hebronchristenskool.co.za; Webtuiste: www.hebronchristenskool.co.za

OORSIG: HEBRON CHRISTENSKOOL

1. WIE IS HCS?
Hebron Christenskool is 'n ouerbeheerde Afrikaanse Christenskool wat as onafhanklike skool by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement geregistreer is. Die skool word nie deur 'n gemeente of denominasie beheer nie. Die volle laerskoolfase vanaf graad 1 tot 7 word gedek.

2. AKKREDITASIE
Hebron Christenskool is ten volle geakkrediteer deur Umalusi, en voldoen aan die vereistes van die KABV (CAPS).

3. GESKIEDENIS
Die stigterslede van Hebron Christenskool glo dat die inisiatief vir hierdie skool uit God se hart kom, en dat Hy lank voor die skool 'n aanvang geneem het, reeds die saak in mense se harte geplant en omstandighede beskik het om dit te laat gebeur.

4. DOELSTELLING
Hebron Christenskool se visie is om elke kind se volle potensiaal te ontwikkel, na die beeld van God en as dissipel van Jesus Christus, deur Christusgesentreerde, Bybelgefundeerde, kwaliteitonderrig in samewerking met wedergebore Christenouers en die gemeente van Jesus Christus in die omgewing.

5. TOEKOMSVOORUITSIGTE
Hebron Christenskool bestaan reeds vanaf 1998 en net die Here se voorsiening en wysheid kan werklik die toekoms bepaal. Ons kan net getuig van Sy goedheid en versorging. Hebron Christenskool is toegewyd om kwaliteitonderrig en, sover ons geriewe dit toelaat, kwaliteitsportafrigting te bied aan ons leerlinge. Ons is toegewyd om diens van hoë gehalte aan die ouers te lewer in die hede en in die toekoms. Ons is ook daartoe verbind om 'n verskil te maak in ons medemens se lewe en die gemeenskap waarin ons tans funksioneer.

Kontak ons gerus by 021 919 6356 of stuur 'n e-pos aan admin@hebronchristenskool.co.za of kom loer gerus by ons in op Logos Christengemeente se gronde.
Mag die Here u seën en lei, want Jesus sê in Lukas 18:16: "Laat die kindertjies na my toe kom en moet hulle nie verhinder nie...."

Romeine 8: 31-39
…Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefhet…